MUN 0001-0003-005

# Ander perspektief

deur HETTIE ABRIE Kalender 6/2/87

**DOER-LAND-Y: SA Kinderboekillustrasies. Saamgestel deur die SA Nasionale Kunsmuseum. In die Pretoriase Kunsmuseum, Arcadiapark, Pretoria. (012) 44-4271/2. Tot Vrydag, 20 Februarie.**

DIE omvattende tentoonstelling bied onder meer die geleentheid om die sosiale geskiedenis van Suid-Afrika vanuit 'n ongewone perspektief te beskou.

Die oudste boek hier is in 1820 in London gedruk, met die titel: *Scenes in Africa, for the amusement and instruction of little tarry-at-home travellers*, en die jongste publikasie deur Ravan Press heet *Two Dogs and Freedom, Children of the Townships Speak Out* (1986).

Tussen dié twee boeke is daar 'n aantal duidelik waarneembare klemverskuiwings in terme van die heersende sosiale orde – die kinderwêreld kan nie neutraal teenoor dié verwikkelinge staan nie. Daarvoor is volwasse invloede te sterk en by talle van die boeke tree volwasse voorkeure en invloede bepalend op. Miskien omdat grootmense die boeke koop, vertoon hulle voorkeure onbehoorlik as 'n mens dink dat kinders hierdie boeke lees!

'n Voorbeeld hiervan is J. H. Boonzaaier se *Versies vir vabondjies* (1940) waarin die volgende versie verskyn: *Daar is 'n ou meid, aia Cissie; Sy vang 'n bont akkedissie; Dan eet sy hom op; pens, pootjies en kop; Sy sê hy smaak nes 'n vissie!*

Die illustrasie by dié versie verskerp die beeld verder deur die uitbeelding van die vrou as vet, met lang oneweredige tande, besig om 'n akkedis heel in haar keel af te sluk.

Hierdie toedrag van sake word helder toegelig deur F. Nyani se bydrae in die brosjure *Doer-land-y* wat by die tentoonstelling verkrygbaar is. Hy plaas sy bydrae onder die titel *Die Geskiedenis van die Suid-Afrikaanse kinderboeke in Afrika-tale* en wys daarop dat die stelsel van goedkeuring (op grond van ekonomiese oorweging) van die Departement van Onderwys en Opleiding "tot 'n volkome gebrek (lei) aan enigiets oorspronkliks in die swart tale wat werd is om ten toon gestel te word."

André Breton (gebore 1896) het in sy eerste Surrealistiese manifes gesê: "Childhood is the nearest to true life." Hy en sy volgelinge het ook in die tekeninge van kinders onteenseglike bewyse probeer vind vir die bestaan van 'n primordiale spontaneïteit. Hier is moontlik nog nie tot op só 'n vlak na kindersketse gekyk nie en illustreerders volg nog sekere "geykte" reëls met sekere vooropgestelde idees.

Uitsonderings kom tog voor soos die genoemde *Two Dogs and Freedom* (Raven 1986) asook John Miles se *Stanley Bekker en die boikot* (Taurus 1980).

Hier is vir 'n ieder iets van waarde. Hopelik sal baie volwassenes na dié "sentimentele" jeugherinneringe gaan kyk – met 'n návraag.

Vir diegene wat bietjie langer wil vertoef, sal William Feaver se nugter siening moontlik van waarde wees: "Each generation has to feed off what adults envisage, publish and see fit to buy."

**Beeldende kuns** Kalender 23 02 87

# Veelsydige Nelson Mukhuba oorlede

EEN van Suid-Afrika se voorste beelhouers, Nelson Mukhuba, het verlede week tragies aan sy eie hand gesterf. Hy is in Augustus 1925 gebore en het tot Standerd 6 skoolgegaan. Hy het gewerk as onderwyser, skrynwerker, bekleër, sweiser, tuinier, opsigter en verwer. In 1958 het hy keramiekfigure en reliëfskulpture begin maak, asook houtgerei en objekte vir die toeristemark. Gedurende die jare sestig het hy verskeie Marabi Dansorkeste gevorm en plate gemaak. Die Mahlombe-A-Mutandabinyuka tradisionele dansgroep is deur Mukbuba gevorm.

Hoewel sy houtbeelde aan die begin van die dekade reeds deur versamelaars in New York, Italië, Duitsland, Holland en Brittanje aangekoop is, het Suid-Afrika hom eintlik eers in 1985 'ontdek' toe sy onvergeetlike *Dansende Paar* op die BMW-tentoonstelling verskyn het, en 'n omvattende versameling deur die Bozz-Stigting deur die land gestuur is. Vir die opening van laasgenoemde tentoonstelling in Durban het hy in volle stamkleding opgedaag – met velle, vere, krale, kalbasse. Hy het besoekers met 'n kuduhoring begroet.

Mukhuba was veelsydig wat onderwerpe sowel as style betref. Hy was veral lief om dansende figure en boksers te skep, en om dan die mees tipiese houdings vas te lê. Vir jong dansende figure het hy takke van die maroela en jakaranda gebruik en in hulle organiese groei 'n nuwe realiteit gevind. Proporsies is nie altyd anatomies korrek nie, maar sy doel was om lewe en ritmiee bewegings weer te gee. Sy boksers is sterk en met 'n digte skulpturele massa. Sy waarnemingsvermoë en humorsin het treffend uiting gevind in 'n beeld van Sammy Davis waarin 'n radio weggesteek is. Hy het ook 'n portret gemaak van John Vorster, maar dit is sy tydlose individualisering van deelnemers aan 'n ballet-opvoering, 'n sokkerwedstryd of 'n boksgeveg wat 'n mens altyd sal onthou. Met volkome beheer oor die formele aspekte van die beeldhouwerk het hy 'n sendeling verewig of beweging in die ruimte gevries.

– Marilyn Martin